**#21 | SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK** In die Sentraal-Afrikaanse Republiek was daar ŉ toename in geweld teen Christene, veral in die noordooste deur uitlopers van die Seleka-groep, baie wat as gewelddadige godsdiensgroepe geag kan word. Bid vir God se genade vir almal wat deur sulke geweld geraak is – mag God hulle genees van die trauma en hulle vertroos.

**#22 | ALGERIË** Algerië se politiese toekoms bly onseker namate die regering poog om ŉ suksessie vir President Bouteflika te bewerkstellig. Bid vir ŉ maklike oorgang sonder geweld. Bid ook dat die 'nuwe' regering meer oop sal wees teenoor Christene en hul regte as wettige burgers sal herken.



**#23 | TURKMENISTAN** In Turkmenistan word geheime huiskerke al hoe meer deur die polisie en owerhede geteiken. In meeste gebiede word die amptelike en openbare aanbidding van God nie toegelaat nie, en evangelisasie is ŉ strafbare oortreding. Bid vir die beskerming van hierdie huiskerke.

**#24 | MALI** Die hoofuitdaging wat Christene in Mali tans in die gesig staar is die teenwoordigheid van radikale Islamitiese groepe. Dit skep vrees en onsekerheid onder Christene. Bid dat hulle moedig in die Here sal bly en dat Sy wil sal geskied in en deur hul lewens.

**#25 | MAURITANIË** Bid vir die Mauritaniese Kerk om in geestelike volwassenheid te groei sodat hulle ten volle op God sal vertrou. Bid ook vir geletterdheidsopleiding vir gelowiges – baie van wie vroue is – namate hulle na God soek met ŉ beperkte vermoë om te lees en beperkte toegang tot die Bybel.

**#26 | TURKYE** Turkye dwing stelselmatig Islamitiese invloede af terwyl diskriminasie teenoor Christene en ander godsdienstige minderhede toeneem. Bid dat God die Christene wat vervolging ervaar in staat sal stel om al hul hoop en vertroue op Hom te plaas.

**#27 | CHINA** Bid vir Christene om sterk te staan te midde van die verskerping van beperkings op godsdiens, wat selfs Christenkinders by die skool affekteer. Bid dat skoolgaande Christene ŉ dieper wandel met Jesus sal betree, te midde van die druk om aan te pas by die tradisionele oortuigings van die land.

**#28 | ETHIOPIË** In ŉ soeke na "herkoms en identiteit" het sommige individue en etniese groepe vyandig geraak teenoor Christene wat weier om deel te neem aan al die godsdienstige- en kulturele rituele van die gemeenskap. Bid vir God se genade oor hierdie gelowiges om onwrikbaar te bly in die geloof.

**#29 | TADJIKISTAN** Die regime in Tadjikistan plaas baie druk op die Christenminderheid en ander "afwykende" groepe deur reeds-bestaande wette te verskerp en dit streng af te dwing. Bid dat hierdie druk sal verminder en dat die land meer oop sal raak teenoor Christenskap.



**#30 | INDONESIË** Indonesië is die grootste Moslemland in die wêreld. Hier word swaar druk op Christenbekeerlinge van Islam geplaas om hul geloof te herroep. Bid dat hulle toegang tot Bybels en samesyn sal hê en dat God Christengemeentes sal help om toegang tot veilige kerkgeboue te bekom.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes


Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Open Doors South Africa

Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
I www.opendoors.org.za


Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS FLITS

## WÊRELDWAARNEMINGSLYS

**Gebedskalender vir die Top 30 lande op die Wêreldwaarnemingslys**



"Geseënd is julle wanneer julle beledig word ter wille van die Naam van Christus. Dit is ŉ bewys dat die Gees aan wie die heerlikheid behoort, die Gees van God, op julle bly." – 1 Petrus 4:14 (1983)

**April 2019**

**#1 | NOORD-KOREA** Christene in Noord-Korea verduur vervolging vanaf die staatsowerhede en hul nie-Christenfamilies, -vriende en -bure. Bid vir hul beskerming. Bid ook vir Christene wat ly in tronke, arbeidskampe en afgeleë areas – dat God aan hulle krag en volharding sal gee.



**#2 | AFGANISTAN** In die Islamitiese Republiek van Afganistan mag ŉ mens Islam nie verlaat nie. Dit word as geloofsversaking gesien en bring skande oor die familie en gemeenskap. Bid vir verandering binne die land en vir meer aanvaarding teenoor godsdienste buiten Islam.

**#3 | SOMALIË** Islam is so diep gewortel onder Somaliërs dat Christene hoegenaamd geen vryheid het om hul geloof uit te leef nie. Bid dat die Here die sal versterk wat gekies het om Hom te volg ten spyte van die groot risiko's. Bid vir beskerming en innoverende maniere vir Christene om bymekaar te kom.

**#4 | LIBIË** Bid vir vrede in hierdie oorloggeteisterde land. Dit blyk of die sentrale regering nie baie mag het nie, wat beteken dat die vlak van wanorde hoog bly. Bid vir die beskerming van die klein en kwesbare gemeenskap van Christene.

**#5 | PAKISTAN** Bid vir die beskerming van Pakistanse bekeerlinge vanuit ŉ Moslemagtergrond – hulle ly onder die ergste vervolging. Radikale Islamitiese groepe sien hulle as afvalliges en hul familie, vriende en bure sien hul bekering as ŉ skande vir die gemeenskap.

**#6 | SOEDAN** In 2018 het die Kerk in Khartoem baie wandade in die gesig gestaar wat gelei het tot uitgerekte hofsake. Dank die Here vir geregtigheid in van die sake oor die internasionale aandag wat dit ontvang het. Bid dat voortdurende internasionale aandag op oortredings teen godsdiensvryheid sal lei tot meer vryheid vir die Soedanese Kerk.

**#7 | ERITREA** Christene in Eritrea moet in die geheim aanbid en honderde is steeds in die tronk vir hul godsdiensbeoefening buite kerke wat deur die staat herken word. Bid dat, ten spyte hiervan, Christene deur die Gees versterk sal word om Christus se lig in hierdie land te skyn.

**#8 | JEMEN** Die voortslepende burgeroorlog in Jemen is tans die ergste humanitêre krisis in die wêreld. Te midde hiervan voel Jemenitiese gelowiges vergete, geïsoleerd en verwaarloos. Bid vir die oorlog en die onreg om tot ŉ einde te kom vir Christene om hul vertroue in God te behou.

**#9 | IRAN** Bid vir Irannese gelowiges in die tronk en vir hul families aan die buitekant. Bid ook vir die wat steeds angstig verhore afwag op geloofsverwante aanklagtes. Bid dat die voorspraak inisiatiewe, namens die vervolgdes en die in gevangenskap, sal vrugte dra.

**#10 | INDIË** Bid vir God se voorsiening en beskerming oor Christene in Indië wat met waagmoed evangeliseer, ten spyte van ŉ groeiende aantal state met teen-bekeringswette. Bid dat hulle wys sal wees in hul evangelistiese pogings.

**#11 | SIRIË** Bid vir die vredesonderhandelinge tussen die strydende partye. Die oorlog is ingewikkeld en gewone mense ly die meeste onder dit. Tot op hede het die vredesonderhandelinge nog geen einde tot die oorlog opgelewer nie. Bid vir ŉ ware omkeer in dié land.



**#12 | NIGERIË** Sjaria (Islamitiese) wetgewing beheer die 12 noordelike state van Nigerië. Dit beteken dat Christene op die kantlyn geskuif word wanneer dit kom by onderrig, werk en gesondheidsorg. Bid dat hierdie Christene nie mismoedig sal wees nie, maar die genade sal hê om God te bly dien ten spyte van die vervolging.

**#13 | IRAK** Daar is baie bemoedigende boodskappe uit die suidelike dele van Irak dat mense tot geloof in Christus kom. Bid vir God om goeie herders vir hierdie nuwe gelowiges te voorsien en dat Hy hulle honger, om Hom te ken, sal stil.

**#14 | MALEDIVE** Baie burgers van die Maledive wil die land verlaat vanweë die beperkings op vryheid – party soek op die ou end vertroosting in rook en dwelms. Bid dat Malediviese burgers Jesus en ware vryheid sal ervaar en dat die nuwe regering meer openheid en vryheid in die land sal toelaat.

**#15 | SAOEDI-ARABIË** Geïsoleerde gelowiges in Saoedi-Arabië geniet geen samesyn nie. Hulle word dikwels onder druk geplaas deur hul families en gemeenskappe om hul geloof te herroep, of leef in vrees dat hul geloof ontdek sal word. Bid dat God hulle sal voorsien van samesyn, dissipelskap en ŉ gevoel van aanvaarding.

**#16 | EGIPTE** Bid vir jong Christenmans en -vroue wat soek vir werk. Baie Moslem-werkgewers verkies Moslem-werknemers, selfs al is hulle minder vaardig. Dit laat baie jong Christene werkloos, wat hulle verhinder om ŉ beroep te begin.

**#17 | OESBEKISTAN** Christene wat van Islam bekeer het ervaar dikwels isolasie, asook die vrees dat wanneer hul families hul geloof ontdek dit sal lei tot bespotting, vervolging en selfs die dood. Elke keer wanneer hierdie nuwe gelowiges uitreik na Christelike kameraadskap en samesyn, plaas hulle hul lewens in gevaar asook die lewens van die met wie hulle ontmoet.

**#18 | MIANMAR** Die kinders van Mianmar is die toekoms van die Kerk en die nasie. Bid vir die Christelike kinderkampe wat in die land gehou word. Hier hoor Boeddhistiese kinders Bybelstories en die Evangelie. Bid vir die Here om die saad van geloof, wat in die harte van hierdie kinders geplant word, te seën.

**#19 | LAOS** Bid dat Christene in Laos vrye toegang tot die Bybel sal hê en kerke kan registreer. Bid ook dat Christenkinders in Boeddhistiese skole nie teen gediskrimineer sal word en lae punte sal kry net oor hul geloof nie.

**#20 | VIËTNAM** Bid vir familielede in Viëtnam wat druk op hul Christenfamilielede plaas om terug te keer na hul tradisionele geloof en rituele. Bid dat hulle Christus duidelik in hul Christenfamilielede se lewens sal sien en Christus sal aanvaar.